Werk is ‘n afgod of nie?

https://veiligehawe.wordpress.com/2008/10/22/werk-is-%E2%80%98n-afgod-of-nie/

Die rede hoekom die meeste mense werk is seker maar die van, *in die sweet van jou aanskyn sal jy jou brood eet*.

Meerderheid van mense werk om te oorleef, vir kos, klere, dak oor hulle kop, ens. Daar is ’n baie klein persentasie van die wêreld se bevolking wat régtig eerlik kan sê dat hulle net werk om besig te bly, hulle het nie die finansies nodig nie.

Die vraag is egter wat motiveer jou en hoe lank spandeer jy gemiddeld met jou werk. Nie by die werk nie, want baie mense vat werk huis toe of reis vir hulle werk. Hoeveel tyd spandeer jy as persoon om te werk? M.a.w. jou taak wat jy moet verrig om jou salaris of loon te kry. Wil nie die term verdien gebruik nie, omdat daar deesdae baie is wat net sit en nie werk nie maar ook ’n inkomste kry.

Baie mense werk kantoor of fabrieks ure wat in die meeste gevalle beperk is tot tussen 38 en vyf-en-veertig ure per week. Hierdie ure word geskeduleer volgens elke maatskappy se behoeftes en daar word self voorsiening gemaak vir fleksie tyd, wat jy vandag nie werk nie kan jy môre of oormôre weer inhaal.

Die kwessie is egter die mense wat meer as dit werk. Hulle is altyd by die werk maak nie saak of dit naweek is of vakansie dae nie, hulle is besig met die werk.

Hulle sloof hulself af vir redes wat ander nooit verstaan nie.

Dis hulle wat lank voor die ander by die werk is en weer vanaand die ligte sal afsit in die kantoor. In elke een van die gevalle is die groep of persoon se redes verskillend. Die een vertrou niemand om sy / haar werk te doen nie en sorg altyd dat hulle self in beheer is van wat aangaan.

Die volgende een is weer so oorlaai met werk dat dit eindelik vir twee of meer mense bedoel is, maar die idee van as jy iets gedoen wil hê gee dit vir die persoon wat besig is. *Swak bestuur op sy beste*. Plaas dat hulle die loodswaaiers se tjank vastrap nee, die gewillige donkie moet maar die meule maal.

Geld speel natuurlik ook ’n groot rol in sulke gevalle aangesien mense vergoed moet word vir *oortyd* wat hulle werk. Jy kry dan onder die groep die wat werk omdat die ekstra inkomste hulle help om kop bo water te hou. Op sig self ’n baie gevaarlik beleid want sodra die fonteintjie opdroog is hulle in ’n diep verknorsing en kan moontlik alles verloor.

Anderkant van dieselfde spektrum is die wat so geld behep geraak het dat hulle net meer en meer wil bekom. Ongeag of hulle vir ’n firma werk of ’n eie besigheid bedryf. Hulle spandeer elke oomblik by die werk of kantoor net om daardie ekstra randjie te maak, want genoeg is nooit genoeg nie.

Dis hierdie groep wat dan ook ten volle die sin van waarde verloor, Nie Rand, Doller, Pond nie, dit kan hulle in die middel van die nag vir jou gee, waarde van lewe.

Waarde van lewe vir jou en ander.

Dis waar dat geld nie alles kan koop nie, alhoewel baie sal saamstem dit maak die lewe makliker in sekere opsigte. Maar geld kan nie selfrespek, liefde, geluk of kameraadskap koop nie.

Indien jy en die maat in jou lewe saam besluit dat vir ’n rukkie gaan een van julle baie tyd spandeer met werk of studies kan julle dan voorberei en mekaar aanvul vir ‘n tyd lank. Sou hierdie tydperk die voorgenome tyd oorskry kan julle dalk nog vir ’n rukkie daarmee saamleef, maar nie onbepaald nie.

Die doelwitte wat julle saam op besluit het, vervaag naderhand en die huidige omstandighede word dan groter as dit. Die een begin naderhand voel hy / sy doen al die werk en verdien die meeste geld maar kry nie die voordeel daarvan nie. Die ander een begin weer afgeskeep voel en bevraagteken naderhand die ander een wat heeltyd moeg is by die huis.

Hierdie tipe van situasie kan enige huwelik of verhouding onherstelbare skade berokken veral as ma by die huis is en die kinders moet versorg sonder om ooit tyd vir haarself te hê, gaan sy begin rebelleer teen die reëling. Veral as die man nooit met enige iets rakende die kinders of by die huis help nie. Die feit dat hy die geld huis toe bring is nou nie meer ’n faktor nie. Ek sê wel hy maar die omgekeerde is ook van toepassing, sou die vrou die hoof broodwinner wees.

Die een wat dus die slaaf geword het van die werk, is nou nie net nooit meer beskikbaar vir die huwelik nie, maar verloor ook die wonder van kinders wat groot word. Kom by die huis dan of slaap die kinders al of is oppad om te gaan slaap. Die oggende sien hulle ook nie mekaar nie, want hy ry al voor hulle opstaan. Gevolglik is daar net naweke ’n Pa by die huis, wat heel moontlik dan ook nog Golf speel ter wille van besigheid.

Dit kan lei tot konflik en spanning in die huwelik, in gesinne.

Hierdie tipe van leefwyse mag dalk jou Bank balans laat styg en die beursie vet hou, maar is ’n erkende resep vir een grootskaalse ramp. Daar ontstaan spanning in die huwelik en ook die gesin verband. Pa en Ma leef by mekaar verby, hy vir sy werk en sy doen wat nodig is vir die huis en kinders en vind gewoonlik iets om haarself mee besig te hou.

Sodra die kinders groter word begin die probleem. Hulle ruk hande uit en toets hul grense, ma kan nie meer alleen dissiplineer nie en omdat Pa nooit betrokke is nie aanvaar die kinder nie maklik sy gesag in sulke situasies nie. Gevolglik sit die huis dan met een of meer moeilike of rebel tiener wat die gaping tussen men en vrou en kinders net groter maak en elkeen trek nog vêrder terug.

Rykdom en werk, sonder tyd vir ontspanning en familie maak nie sin nie

Indien jy net werk en geen voorsiening maak vir tyd saam met jou gesin en ook natuurlik om te ontspan nie, kan jy in meer as een opsig duur betaal vir jou skatte. As jy geen verhouding met jou kinders het nie is jy geweldig arm aan herinneringe en seen. Hiermee sê ek nie dat mense wat nie kinder het nou nie volkome is nie, ek verwys na die saak in gesin verband.

Sonder jou lewensmaat sal jy nooit jou lewe se beproewinge, blydskap en hartseer kan volkome hanteer nie, net nog ’n minus punt teen jou rekening. Natuurlik die belangrikste is jyself, as jy nie genoeg ontspan en rus nie, gaan jou vrou se tweede man saam haar jou rykdom geniet.

So die rykdom van geld en herinneringe gaan hand aan hand met ’n gebalanseerde lewenstyl van liefde, gee en neem, ontspan en bowenal jou geestelike lewe ook op datum te hou.

Sien ’n man wat met monitêre waarde sowel as geestelike en persoonlike balans gelaai is tot voordeel van homself en sy gesin is ryk. Andersins is jy die bankrot baas van ’n dowwe geklingel van silwer munte. Dieselfde silwer munte wat jy jou siel voor verkoop het.